

MAANDELIKSE
markoorsig

& you

**JUNIE 2024
IN OORSIG**

EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

Die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) het in Junie vir die sewende agtereenvolgende keer besluit om die teikenband van die uitleenkoers op 5.25-5.50% te hou. Dit was egter geen verrassing nie en in lyn met mark verwagtinge.

Saam met dié besluit, was daar 'n paar noemenswaardige punte wat in ag geneem moes word. Die mees belangrikste hiervan was seker die feit dat die Federale Opemarkkomitee (FOMK) se uitkyk op inflasie baie meer positief was as in Mei. Die komitee het spesifiek genoem dat in die laaste paar maande, inflasie wel besig is om nader aan die teiken te beweeg, terwyl die vorige bewoording verwys het na "stadige progressie" na aanloop van teleurstellende inflasie syfers in die eerste drie maande van die jaar.

In Suid-Afrika het die jaar-op-jaar inflasiekoers vir Mei stabiel gebly op 5.2%. Kerninflasie (wat kos-, brandstof-, energie- en nie-alkoholiese drank pryse uitsluit), was steeds 4.6%, met onderliggende inflasiedrukpunte wat na aan die middelpunt van die Reserwebank se teikenband gebly het.

Die Bank van Engeland se Monetêrebeleidskomitee (MBK) het ooreengestem om die koers onveranderd op 5.25% te hou, in lyn met die algemene verwagtinge van ekonome voor die vergadering. Twee lede het egter gevoel dat laer koerse regverdig word en vir 'n 25 basispunt-verlaging gestem. Dit weerspieël 'n wêreldwye neiging onder sentrale bankiers, waar 'n toenemende aantal monetêrebeleidskomiteeledes stem vir rentekoersverlagings.

Kiesers in die Verenigde Koninkryk en Frankryk sal vroeg in Julie na die stembusse gaan om te bepaal wie dié twee lande gaan lei oor die volgende paar jaar. In beide gevalle lyk dit nie asof 'n vroeë verkiesing Emmanuel Macron óf Rishi Sunak enigsins gaan help om aan bewind te bly nie.

Vroeg in Julie, het President Cyril Ramaphosa 'n kabinet van 32 ministers (en 43 adjunkministers) aangewys. Alhoewel die kabinet effens groter is as in die verlede, sluit dit wel ses ministers van die Demokratiese Alliansie en vyf van die kleiner partye in. Hierdie kabinet lui 'n nuwe era van samewerkende regering op 'n nasionale vlak in. Die eerste van hierdie tipe demokraties-verkose regerings het op 3 Februarie 1997 geëindig toe die Nasionale party byna drie jaar na die historiese 1994-verkiesings daaraan onttrek het.

Volgens CNN sal 'n klub van Eurasiese lande, met China en Rusland aan die voortou, wat die bevordering van hul leiers se visie vir 'n alternatiewe wêreldorde ten doel het, in Julie weer uitbrei. Dié keer is die nuwe lid 'n stoere Russiese bondgenoot en openlike ondersteuner van Moskou se oorlog teen Oekraïne. Die verwagte toelating van Belarus tot die Shanghai Samewerkingsorganisasie (SCO) tydens hul jaarlikse beraad in Astana, Kazakstan, is 'n verdere poging deur Beijing en Moskou om die organisasie vanaf 'n streeksekuriteitsblok in 'n volwaardige geopolitieke teenwig vir Westerse instellings (onder leiding van die Verenigde State en hul bondgenote) te omskep.



MARKPRESTASIE

Markte wêreldwyd het in Junie goed gevaar met sterk ekonomiese data wat daarop dui dat die gematigde ekonomiese toestande wat as 'n "Gouelokkies-scenario" bekendstaan, steeds voortduur.

Visio Capital rapporteer dat sterk ekonomiese groei, 'n soliede arbeidsmark, en inflasie wat steeds afneem, bygedra het tot Junie maand se sterk markte. Ontwikkelde markte was hoër met 2.1% in US dollars terwyl ontwikkelende markte 'n goeie 5% (in US dollars) hoër is. Tegnologie-gefokusde aandele het hulle goeie opbrengste voortgesit met die NASDAQ100 indeks wat in Junie met 6% gestyg het.

Junie was ook 'n goeie maand vir Suid Afrikaanse aandele. Die JSE indeks van alle aandele het die maand 4.1% hoër gesluit (meer as 7% gemeet in US dollars) terwyl plaaslike effekte 5.2% gegroei het in Junie soosdie besonderhede van die Regering van Nasionale Eenheid duideliker geword het. Plaaslike effekte het hulle beste maand in 4 jaar gehad met die opbrengs op die 10 jaar Suid-Afrikaanse Staatseffekte wat vanaf 12.52% in April (voor die verkiesing) geval het tot 11.17% op 21 Junie.

Die rand het met meer as 3% versterk teen al die vernaamste geldeenhede, die US dollar, Euro en Britse pond, soos die stof gaan lê het rondom die verkiesing.

Goud het baie min beweeg gedurende Junie, terwyl Brent ru-olie byna 6% op is in US dollar terme.

MARKINDEKSE ¹	30 JUNIE 2024		
	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	8.2%	9.1%	10.6%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	8.5%	25.7%	-2.4%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	7.5%	13.7%	7.8%
SA kontant (STeFI)	2.1%	8.5%	6.0%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	-0.9%	16.7%	18.3%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	1.6%	9.2%	9.0%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-4.6%	-2.4%	3.2%
Rand/dollar ³	-3.6%	-3.3%	5.3%
Rand/sterling	-3.5%	-3.9%	5.2%
Rand/euro	-4.3%	-5.0%	4.0%
Goudprys (USD)	5.0%	21.2%	10.6%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-1.2%	15.4%	5.4%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

BELEGGERSOPVOEDING

'N STAALTJIE OOR TWEE BROERS

(OF OOR HOE BROEDERTWIS TWEE GLOBALE REUSE GESKEP HET)



Hierdie maand kyk ons na die fassinerende verhaal van Adolf Dassler en Rudolf Dassler, twee broers wie se entrepreneurskapspadjie die sportskoenindustrie gevorm en 'n onmisbare impak op sport- en sakekultuur gehad het.

Die twee broers het hul skoebesigheid in 1924 in 'n klein dorpie in Duitsland, Herzogenaurach, begin. Adolf, ook bekend as "Adi", en Rudolf het 'n passie vir sport en 'n visie om innoverende sportskoene te skep, gedeel. Hul maatskappy, Gebrüder Dassler Schuhfabrik (Geda), is aanvanklik uit hul ma se waskamer bedryf. Hul vroeë ontwerpe het op skoene vir baan- en velditems gefokus, met spesifieke aandag aan gemak, prestasie en duursaamheid.

Geda het bekendheid verwerf toe die Amerikaanse naellooper, Jesse Owens, hul skoene by die Olimpiese Spele van 1936 in Berlyn gedra het. Owens se vier goue medaljes het die gehalte en funksionaliteit van Dassler-skoene in die kollig geplaas. Die broers was in ekstase oor hul sukses, oortuig dat dit maar net die begin van groot deurbrake was. Tog was daar voortdurend persoonlike konflik tussen die broers. Rudolf was die ekstroverte, uitgesproke broer, terwyl Adi meer gereserveerd was en eerder op produkontwikkeling gefokus het. Hul verhouding is boonop verder onder druk geplaas aangesien hul vrouens ook nie oor die weg gekom het nie. Rudolf se vrou, Käthe, was uitgesproke met sterk opinies, terwyl Adi se vrou, Friedl, die stiller een was.

Die Tweede Wêreldoorlog het hul besigheid ontwrig. Beide broers is vir die weermag opgeroep en Geda het begin om eerder militêre stewels te vervaardig. Rudolf het vermoed dat Adi sy diensplig beïnvloed het, wat hul verhouding nog verder onder druk geplaas het. Na die oorlog het die spanning toegeneem.

In 1948 het die ondenkbare gebeur: die Dassler-broers se paie het geskei. Rudolf het Geda verlaat en sy eie maatskappy gestig, aanvanklik genaamd Ruda (dit is later na Puma, sy bynaam as kind op die sokkerveld, verander). Adi het voortgegaan met Geda en uiteindelik daaruit die handelsmerk Adidas ('n samevoeging van "Adi" en "Das", van Dassler) geskep. Die dorpie Herzogenaurach is in twee kante verdeel – Adidas-werknemers het hul skoene werk toe gedra, terwyl Puma-werknemers met trots Rudolf se ontwerpe gedra het.

Die stryd tussen Adidas en Puma het toegeneem. Hulle het om borgskappe meeding en ooreenkomste met legendariese atlete gesluit. Adidas kon spog met vennootskappe met sokkersterre soos Pelé en Franz Beckenbauer, terwyl Puma met die naellooper, Usain Bolt, en die sokkerster, Diego Maradona, saamgewerk het. Die "kat versus drie strepe"-geveg was legendaries.

Rudolf is in 1974 oorlede en Adi in 1978. Hul grafte is aan teenoorgestelde kante van Herzogenaurach se begraafplaas; 'n gepaste simbool vir hul lewenslange verdeeldheid. Hul nalatenskap duur

egter voort. Adidas en Puma bly globale reuse wat sportsmodes, -innovasie en -kultuur vorm. Die Dassler-broers se verhaal is gevul met lesse oor ambisie, mededinging en die voortdurende impak van familieverhouding op besigheid.

In die hartjie van Herzogenaurach, waar broedertwis eens kreatiwiteit aangevuur het, leef die nalatenskap van Adi en Rudolf Dassler voort, een tree op 'n slag.

Hoe hou hierdie verhaal verband met beleggings?

Volgens nuwe navorsing word meer as 'n derde van sokkerklubs in Europa se "groot vyf"-ligas deur privaat kapitaal gefinansier, 'n drastiese verandering in eienaarskap wat waarskynlik 'n langtermyninvloed op die sport sal hê.

Chelsea, Milan, Newcastle en Atlanta is voorbeelde van spanne wat heeltemal deur privaat kapitaal (in die vorm van privaat aandeelfondse) besit word. Volgens die finansiële analise-firma, PitchBook, het 35% van die vernaamste klubs in Engeland, Frankryk, Duitsland, Italië en Spanje privaat belegging in een of ander vorm bekom.

Die groei in privaat aandelemarkte in kombinasie met die florerende besigheidskant van sport vereis ten minste 'n oorweging van hoe die geleentheid van mededinging tot voordeel van jou beleggings kan wees. Mag die beste persoon wen...

Bron: Sneaker Wars: The Enemy Brothers Who Founded Adidas and Puma and the Family Feud That Forever Changed the Business of Sports* deur Barbara Smit (2000)

Disclaimer

For internal use only. The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance.

Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.

Financial Services Providers: Portfolio Analytics Consulting (Pty) Ltd; FSP No 18490 and Analytics Consulting 1 (Pty) Ltd; FSP No 47564; Tel: (021) 936 9500; Website: www.analyticsconsulting.co.za